NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2020

# LANDBOUBESTUURSPRAKTYK

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 3 uur

200 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en sub-eksaminatore, almal van wie vereis word om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die riglyne konsekwent geïnterpreteer en toegepas word in die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal nie enige besprekings of korrespondensie rakende die nasienriglyne aangaan nie. Dit word erken dat daar verskillende sienings oor sekere sake van belang of detail in die nasienriglyne mag wees. Dit word ook erken dat, sonder die voordeel van die bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies van die toepassing van die nasienriglyne mag wees.**

---

IEB Copyright © 2020

## AFDELING A

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | A ✓✓ | |
| | 1.1.2 | A ✓✓ | |
| | 1.1.3 | C ✓✓ | |
| | 1.1.4 | B ✓✓ | |
| | 1.1.5 | D ✓✓ | |
| | 1.1.6 | D ✓✓ | |
| | 1.1.7 | C ✓✓ | |
| | 1.1.8 | C ✓✓ | |
| | 1.1.9 | D ✓✓ | |
| | 1.1.10 | B ✓✓ | (10 × 2 = 20) |
| 1.2 | 1.2.1 | D ✓✓ | |
| | 1.2.2 | G ✓✓ | |
| | 1.2.3 | K ✓✓ | |
| | 1.2.4 | A ✓✓ | |
| | 1.2.5 | J ✓✓ | |
| | 1.2.6 | E ✓✓ | |
| | 1.2.7 | B ✓✓ | |
| | 1.2.8 | H ✓✓ | |
| | 1.2.9 | F ✓✓ | |
| | 1.2.10 | I ✓ | (10 × 2 = 20) |
| 1.3 | 1.3.1 | Kulturele Agritoeris ✓ | |
| | 1.3.2 | Kalibrasie ✓ | |
| | 1.3.3 | Fotosintese ✓ | |
| | 1.3.4 | Beplanning ✓ | |
| | 1.3.5 | Plantsuksessie ✓ | |
| | 1.3.6 | Reën/Reënval ✓ | |
| | 1.3.7 | Diversiteit ✓ | |
| | 1.3.8 | Geenbewerking ✓ | |
| | 1.3.9 | Missieverklaring ✓ | |
| | 1.3.10 | Kwitansie ✓ | (10 × 1 = 10) |

**50 punte**

IEB Copyright © 2020

## AFDELING B

## VRAAG 2 HULPBRONBENUTTING, GRONDGEBRUIK EN BOERDERYSTELSELS

2.1 2.1.1 **'n GEÏNTEGREERDE ONKRUID/PLAAGBEHEERPROGRAM behels …**

DRIE gedeeltes uit die leesstuk:

- Verminderde gebruik van chemiese insette/gifstowwe. ✓
- Gebruik van gesonde boerderypraktyke ✓ bv. gewasrotasie/dekgewasse.
- Gebruik van gesonde bestuurspraktyke. ✓ (3)

2.1.2 **TWEE ander praktyke:**

- Gebruik van gesonde bewerkingspraktyke/meer meganiese beheer. ✓
- Toepassing van sanitêre maatreëls/higiëniese toestande. ✓
- Meer aanwending van biologiese beheer.

(Enige 2) (2)

2.1.3 **VIER GESONDE BOERDERYPRAKTYKE**

- Gewasrotasie/wisselbou ✓
- Dekgewasse ✓
- Toediening van organiese materiaal ✓
- Tussenverbouing ✓ (4)

2.1.4 **VERDUIDELIK DIE INVLOED VAN …**

(a) **STRUKTUURLOSE GROND OP WATERVASHOU-VERMOË**

'n Struktuurlose grond ✓ (enkelkorrel) dui op 'n sanderige grond, baie makroporieë tussen die gronddeeltjies, 'n hoë dreineerbaarheid en lae vrugbaarheid met 'n gevolglike lae watervashouvermoë. ✓ (2)

(b) **BLOKAGTIGE STRUKTUUR OP BEWERKBAARHEID**

'n Blokagtige struktuur word in kleigrond aangetref ✓ wat bekend staan as 'n swaar grond wat moeilik bewerkbaar is. ✓ (2)

2.1.5 **BESPREEK …**

**GOEIE GEWASROTASIE ONDERDRUK PATOGEEN-VERSPREIDING**

Sommige patogene leef in simbiose met 'n sekere gewas/plant. ✓ Indien gewasrotasie/wisselbou plaasvind word hierdie patogeen se lewensiklus onderbreek ✓ met die gevolg dat die patogeen verminder/afsterf aangesien sy gasheer/gewas afwesig is in die rotasiesiklus. ✓ (3)

2.1.6 **PROSES**

Presisieboerdery ✓ (1)

2.1.7 **TWEE REDES OM TE WEET VAN VERHOOGDE TEMPERATUUR**

- Dit kan dui op oestrus by vroulike diere. ✓
- Dit kan aandui dat die betrokke diere siek is. ✓ (2)

IEB Copyright © 2020

2.2 2.2.1 **VOORBEELDE VAN KAPITAAL**

(a) VASTE KAPITAAL: plaas, ✓ plaashuis, ✓ boorgate, ✓ reservoir ✓
(Enige 2) (2)

(b) BEWEEGLIKE/ROERENDE KAPITAAL: implemente, ✓ gereedskap, ✓ plaasbakkie ✓
(Enige 2) (2)

(c) BEDRYFSKAPITAAL/VLOTTENDE: kontant, ✓ lone ✓ (2)

2.2.2 (a) **MARGINALE GROND**
Grond wat die moeilikste bestuur/bewerkbaar is ✓ met die meeste insetkoste ✓ minder winsgewende grond/ ekonomies gelykbrekende grond ✓
(Enige 2) (2)

(b) **GEWASFAKTOR**
Gras/weiding wat verlore gaan in die weiproses deur bv. vertrapping. ✓ (1)

2.2.3 **PROBLEME MET KONTOERBOERDERY**
- Duur ✓
- Vereis tegniese kennis om te vestig ✓ (2)

2.2.4 **GEWASVERBOUINGSPRAKTYKE AANVULLEND TOT KONTOERBOERDERY**
- Strookverbouing ✓
- Dekgewasse ✓ (2)

2.2.5 **BEREKENING VAN AANTAL BEESTE**
700 ha × 6 kg/dag = 4200 kg/dag ✓
4 200 kg × 0,4 gewasfaktor = 1 680 kg verlore ✓
4 200 kg – 1 680 kg verlore = 2 520 kg beskikbaar vir beeste ✓
2 520 kg ÷10,55 kg benodig deur 1 bees/dag = 238,86 beeste ✓
Die jong man kan dus 238 beeste aanhou op die beweibare grond ✓ (5)

2.2.6 **TIPE ARBEID:**
(a) Geleentheidsarbeider ✓ (1)

**TWEE VOORBEELDE:**
(b) Bouers/kontrakteur ✓
Draadspanners ✓ (2)

2.2.7 **ARBEIDSWET**
Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 75 van 1997 ✓ (1)

2.3 2.3.1 **EKONOMIESE EIENSKAP**
Die wet van dalende meer-opbrengs. ✓ (1)

2.3.2 **MARGINALE WAARDE VAN 2018**
Marginale opbrengs 2018 = Totale opbrengs 2018 – Totale opbrengs 2017 ✓
= 4,5 kg – 4,8 kg ✓
= –0,3 kg ✓ (3)

2.3.3 **VERDUIDELIK WET VAN DALENDE MEER-OPBRENGS**
- Met die vermeerdering in bemesting ✓ word 'n verhoogde totale opbrengs ✓ sowel as 'n verhoogde marginale opbrengs verkry. ✓
- Soos die bemesting verhoog word vermeerder die totale opbrengs, maar die marginale opbrengs verhoog nie in dieselfde verhouding/proporsioneel nie. ✓
- 'n Volgehoue verhoging in die bemesting lei dus tot 'n verhoging in die opbrengs (2014–2016), maar bereik 'n stadium waar die opbrengs begin afplat (2017) en selfs later begin daal (2018). ✓ (5)

**[50]**

## VRAAG 3 AGRITOERISME EN BEMARKING

3.1 3.1.1 **DEFINIEER 'N SAKEPLAN**
'n Sakeplan is 'n dokument ✓ wat die doelwitte, behoeftes, teikenmark en finansiële vereistes ✓ van 'n beplande onderneming uiteensit. ✓ (3)

3.1.2 **REDES VIR OPSTEL VAN SAKEPLAN**
- <u>Om aansoek te doen vir banklening/verkryging van kapitaal</u>. ✓
- Dit toets uitvoerbaarheid en lewensvatbaarheid van die sake-idee. ✓
- Dit help met die bepaling van die finansiële behoeftes. ✓
- Dit bepaal die daaglikse werksaamhede. ✓
- Dit dui die visie en missie aan van die onderneming. ✓
- Dit win kennis in rakende die bemarkingsaangeleenthede. ✓

(Onderstreepte antwoord + enige 3) (4)

3.1.3 **VIER PILARE WAARAAN 'N VOLHOUBARE STELSEL GEMEET KAN WORD**
- Produktiwiteit/produksiesekuriteit ✓
- Risikobestuur/verlaagde risiko ✓
- Ekonomiese lewensvatbaarheid ✓
- Sosiale aanvaarding/geen risiko vir sosiale gemeenskap ✓
- Bewaring/geen risiko vir omgewing ✓

(Enige 4) (4)

3.1.4 **VIER VOORBEELDE UIT LEESSTUK WAT SWOT-ONTLEDING VERDUIDELIK**
- S-Sterkpunte ✓ – Kollateraal/Produksiesekuriteit ✓
- W-Swakpunt ✓ – Tekort aan finansies ✓
- O-Geleenthede ✓ – Groeiende bevolking vir verkope/afset/mark ✓
- T-Bedreigings ✓ – Nabye kompetisie/Tekort aan finansies ✓ (8)

3.2 **DRIE REDES VIR DIERETREKKRAG**

- Baie laer aanvangskoste/laer aanvanklike kapitaalbelegging ✓
- Laer bedryfskostes/onderhoud ✓
- Verdere besparings deur te gebruik vir vervoer van water/produkte ✓
- Addisionele inkomste uit diere bv. kalwers, melk, mis ens. ✓
- Makliker hanteerbaar deur vroue en kinders ✓


(Enige 3) (3)

3.3 **AGRITOERISME**

Dit is 'n persoon wat sy tuiste verlaat en 'n landbouinstelling ✓ met landbouaktiwiteite ✓ besoek met 'n positiewe bydrae tot die instelling ens. ✓ (3)

3.4 **VRAAG EN AANBOD**

3.4.1 **LYNGRAFIEK**




Puntetoekenning: volledige opskrif. ✓
Korrekte benoem en korrekte kalibrasie van X-as. ✓
Korrekte benoem en korrekte kalibrasie van Y-as. ✓
Korrekte eenhede vir X-as en Y-as. ✓
Lyngrafiek. ✓
Algeheel korrek. ✓ (6)

3.4.2 **INVLOED VAN PRYS OP VRAAG EN AANBOD**

Hoe hoër die prys ✓ hoe hoër die aanbod ✓ hoe laer die vraag ✓
**OF**
Hoe laer die prys ✓ hoe laer die aanbod ✓ hoe hoër die vraag. ✓ (3)

3.4.3 **FAKTORE WAT AANBOD VAN WAATLEMOENE BEÏNVLOED**
- Arbeidskoste/arbeidstakings ✓
- Natuurlike rampe/vloede/droogtes ✓
- Insetkostes ✓
- Tegnologie ✓
- Wetgewing ✓
- Seisoenaliteit ✓
- Beskikbaarheid/prys van soortgelyke produkte ✓

(Enige 3) (3)

3.4.4 **BEGRIP MARKEWEWIG**
Die aangebode hoeveelheid is gelyk ✓ aan die aangevraagde hoeveelheid. ✓ (2)

3.4.5 **DATUM WAARTYDENS MARKEWEWIG BEREIK IS**
Die week van 04/01/19 ✓ (1)

3.4.6 **BEREKEN GELYKBREEKPUNT**

$$\text{Gelykbreekpunt} = \frac{\text{Vaste koste}}{\text{Prys} - \text{Veranderlike koste}} \checkmark$$

$$= \frac{R16,00}{R30,00 - R10,00} \checkmark$$

$$= \frac{R16,00}{R20,00}$$

$= 0,80$ van 'n waatlemoen is nodig om gelyk te breek ✓

DUS $= 0,80 \times R30,00 = R24,00$ ✓ is gelykbreek en R6,00 is wins. (4)

3.4.7 **BEMARKINGSMETODE**
Vrye bemarking ✓ (1)

3.4.8 **BEMARKINGSKANAAL**
Varsproduktemark ✓ (1)

3.4.9 **NADEEL IN TABEL VAN BEMARKINGSKANAAL**
Ooraanbod kan lei tot verliese bv. op 15/12/18 ✓ (1)

3.4.10 **VOORDELE VAN VARSPRODUKTEMARK**
- Kry hoër pryse as hul in tye van skaarste oor produk beskik. ✓
- Die mark dien as afset vir groot hoeveelhede van boer se produk. ✓
- Agente/middelman behartig bemarking – boer kan dus aandag gee aan produksie. ✓
- Geld is onmiddellik na verkope aan boer beskikbaar. ✓

(Enige 3) (3)

**[50]**

IEB Copyright © 2020 

**VRAAG 4 BOERDERYBESTUUR, FINANSIËLE BEPLANNING EN OES-WAARDETOEVOEGING**

4.1 4.1.1 **STAPPE VAN BOEKHOUDING IN KORREKTE VOLGORDE**

1. Brondokumente (besigheidstransaksies) ✓
2. Joernaalinskrywings ✓
3. Grootboekinskrywings ✓
4. Proefbalanse ✓
5. Balansstate ✓ (5)

4.1.2 **VOLTOOI FINANSIËLE STAAT**

| A1 | BATE-ITEMS | WAARDE (R) |
|---|---|---|
| | Balans in bank | 112 045,00 |
| | Plaas met geboue | 4 600 000,00 |
| | Lewende hawe op plaas | 458 000,00 |
| | Voertuie | 980 000,00 |
| | Implemente | 765 567,00 |
| A2 | TOTAAL | 6 915 612,00 |
| | | |
| B1 | LASTE-ITEMS | WAARDE (R) |
| | Koöperasierekening (saad) | 280 000,00 |
| | Skuld aan kunsmismaatskappy | 86 054,00 |
| | Skuld op herstel van masjinerie | 15 365,00 |
| | Veeartsenyrekening | 32 026,00 |
| | Verbandlening | 1 250 000,00 |
| B2 | TOTAAL | 1 663 445,00 |
| | | |
| C | NETTO KAPITAAL | 5 252 167,00 |

Puntetoekenning: Korrekte oortrek van staat ✓
Korrekte oordra van enige 3 bates met waardes ✓
Korrekte oordra van ander 2 bates met waardes ✓
Korrekte oordra van enige 3 laste met waardes ✓
Korrekte oordra van ander 2 laste met waardes ✓ (5)

4.1.3 **BEREKEN NETTO KAPITAAL**

Nettokapitaal = Bates – Laste ✓
= R6 915 612,00 – R1 663 445,00 ✓
= R5 252 167,00 ✓ (3)

4.1.4 **IDENTIFISEER STAAT**

Balansstaat ✓ (1)

4.1.5 **INTERPRETEER ONDERNEMING SE NETTO WAARDE**

- Die onderneming se nettokapitaal is baie positief/gesond en bied baie goeie kollateraal/sekuriteit. Is kredietwaardig. ✓
- Die onderneming is uiters lewensvatbaar a.g.v. positiewe netto kapitaal. ✓
- Die onderneming se likiditeit is goed a.g.v. positiewe netto kapitaal. ✓ (3)

4.2 4.2.1 **DEFINIEER TERME**

(a) **KOMMERSIËLE BOER**
'n Kommersiële boer is iemand wie se uitsluitlike doel is om sy produkte te verkoop/bemark ✓ en 'n wins ✓ te maak. (2)

(b) **GEPROSESSEER**
Prosessering behels die omskakeling van 'n primêre/rou landbouproduk ✓ na 'n verwerkte/eetbare produk. ✓ (2)

4.2.2 **WAAROM IS GRADERING BELANGRIK**
Prysvasstelling vind plaas volgens die graad van die graan/bepaal boer se inkomste. ✓ (1)

4.2.3 **VERTRAGING OF STAAK VAN BEVOLKINGSGROEI**
- Graanvoginhoud moet laer as 12% wees/onder 8% vind besmetting nie plaas. ✓
- Temperatuur moet verkoel word tot onder 20 °C – groei vertraag. ✓
- Relatiewe humiditeit moet verlaag word onder 20% – groei vertraag. ✓ (3)

4.2.4 **VOORKOMING VAN BESMETTING**
- Voorkom kontak met besmette materiaal. ✓
- Higiëniese toestande in graanskure voor berging. ✓ (2)

4.2.5 **WAAROM PROSESSERING BELANGRIK IS VIR VERBRUIKER**
- Produkte nie net in seisoen beskikbaar/dwarsdeur die jaar beskikbaar/bestendige mark/beskikbaar in nie-produserende gebiede. ✓
- Produkte word verkry in die vorm soos vereis/gereed vir gebruik. ✓ Produkte het langer rakleeftyd. ✓
- Produkte is gesonder a.g.v. minder mikrobe-organismes. ✓
- Produkte in meer eenvormige gehalte beskikbaar. ✓
- Produkte meer hanteerbaar/vervoerbaar ens. ✓

(Enige 3) (3)

4.2.6 **IDENTIFISEER WOORD/TERM**

(a) graan/graanboer ✓ (1)

(b) prosessering/verwerking/vervoer/gradering/sortering/ meulenaars ✓ (1)

(c) saadverspreiders ✓ (1)

## 4.3 VERPAKKING

### 4.3.1 REDES VIR VERPAKKING

- Beskerm produk teen vuilheid, lig, insekte en mikrobiese kontaminasie. ✓
- Vergemaklik hantering. ✓
- Kan inligting oordra. ✓
- Verleng raklewe. ✓
- Bemarking/handelsmerk/identifisering ens. ✓

(Enige 4) (4)

### 4.3.2 REDES WAAROM EERDER MELKPROTEÏEN VERPAKKING

- Dit is eetbaar en kleefplastiek nie. ✓
- Dit is gesonder as kleefplastiek. ✓
- Dit blokkeer suurstof en verhoed dat kos verrot wat kleefplastiek nie doen nie. ✓
- Dit besoedel nie die omgewing nie, maar kleefplastiek doen dit wel. ✓

(Enige 3) (3)

## 4.4 BESTUURSFUNKSIES

**STAPPE VAN BEPLANNING**

D, ✓ C, ✓ E, ✓ F, ✓ A, ✓ B ✓ (6)

## 4.5 BEGROTING

### 4.5.1 DEFINISIE VAN BEGROTING

Dit is die verwagte ✓ inkomste en uitgawe van 'n onderneming ✓ vir 'n bepaalde tydperk. ✓ (3)

### 4.5.2 DOEL VAN ONDERHOUDSBEGROTING

Dit maak voorsiening vir die instandhouding van alle infrastruktuur, implemente ens. ✓ (1)

**[50]**

**150 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2020